

Graan SA Oggend Markkommentaar

GRAAN SA GRAINS SA	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/02/21	2017/02/20		2017/02/13		2017/01/23		2016/02/22	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
DJIA-index	20624	0.00	0.0%	20624	1.7%	20269	4.0%	19827	24.1%
Goud (Spot)	1232.90	-1.25	-0.1%	1234.15	0.3%	1229.35	1.3%	1216.70	1.0%
Brent \$/vat	56.18	0.37	0.7%	55.81	-0.8%	56.62	1.1%	55.57	64.8%
1 € / US\$	1.0584	-0.004	-0.3%	1.0621	-0.4%	1.0622	-1.5%	1.0744	-4.1%
1 US\$ / ZAR	13.10	-0.020	-0.2%	13.12	-2.1%	13.38	-3.0%	13.50	-14.0%
Corn	R 1,897.85	-13	-0.7%	R 1,911.08	*CBOT Corn Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mar Sept 12:00 the previous day				
Wheat	R 2,122.72	-13	-0.6%	R 2,135.60	* CBOT Wheat Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mar 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4,967.46	-22	-0.4%	R 4,989.50	* CBOT Soy Mar cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mar 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)									
Corn Mrt 17	368.00	-2.00	-0.5%	370.00	-2%	374.00	0%	369.50	-8%
Wheat Mrt 17	441.00	-2.00	-0.5%	443.00	-2%	449.00	2%	433.25	-13%
Soybeans Mrt 17	1032.00	-3.00	-0.3%	1035.00	-3%	1059.00	-2%	1057.75	15%
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)									
SORGHUM Jul '17	3168.00	0.00	0.0%	3168.00	0.0%	3168.00	-1.6%	3220.00	-13.2%
WMAZ Spot	3070.00	130.00	4.4%	2940.00	5.2%	2917.00	-11.9%	3483.00	-38.1%
WMAZ Mar 17	3014.00	100.00	3.4%	2914.00	5.2%	2866.00	-9.1%	3314.00	-36.4%
WMAZ Jul 17	2045.00	20.00	1.0%	2025.00	-3.4%	2116.00	-10.5%	2284.00	-36.9%
YMAZ Spot	2935.00	133.00	4.7%	2802.00	1.7%	2886.00	-9.8%	3254.00	-17.9%
YMAZ Mar 17	2885.00	100.00	3.6%	2785.00	1.4%	2845.00	-7.9%	3134.00	-14.9%
YMAZ Jul 17	2150.00	33.00	1.6%	2117.00	-1.9%	2191.00	-7.2%	2317.00	-25.9%
SOY Spot	6140.00	90.00	1.5%	6050.00	-5.5%	6500.00	-6.3%	6555.00	-11.5%
SOY May 17	5523.00	18.00	0.3%	5505.00	-4.5%	5786.00	-8.1%	6010.00	-8.0%
SUN Spot	4960.00	42.00	0.9%	4918.00	-4.1%	5170.00	-8.2%	5402.00	-35.4%
SUN May 17	5030.00	-18.00	-0.4%	5048.00	-5.1%	5300.00	-9.0%	5525.00	-33.8%
WHEAT Spot	3987.00	21.00	0.5%	3966.00	-0.3%	4000.00	2.1%	3906.00	-14.9%
WHEAT May 17	4075.00	4.00	0.1%	4071.00	-0.5%	4094.00	0.3%	4062.00	-14.5%
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE									
<p>Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.07/\$ wat byna onveranderd is vanaf gister-oggend, maar effens sterker as teen marksluiting gister-middag toe dit teen R13.13/\$ verhandel het. Verskeie ekonomiese inligting is onlangs bekend gestel waaronder die inflasiekoers vir Januarie deur Statistiek Suid Afrika. Die inflasiesyfer vir Januarie 2017 is 6.6% en het jaar-op-jaar gedaal vanaf 6.8% in Desember 2016. Die fokus vir die week in die ekonomiese omgewing sal hoofsaaklik op die begrotingsrede wees wat môre deur die Minister van Finansies in die Parlement gedoen word. Die markte en die wisselkoers verhandel relatief stabiel teenoor die ander geldeenhede in die aanloop tot die begrotingsrede, tensypte van politieke onsekerhede tussen President Jacob Zuma en die Minister van Finansies Pravin Gordhan. Beleggers sal hierdie omstandighede asook die begrotingsrede fyn dop hou met die Minister van Finansies wat 'n groot taak op hom het om die staatsbesteding te sny, en ook meer inkomste te verkry sonder om die ekonomiese groei te belemmer. Die verwagtinge is dat daar moontlike verhogings in die persoonlike inkomstelastelastings gesien sal word in die begrotingsrede vir dié jaar.</p> <p>Mielies: Die VSA mark was gister gesluit weens 'n publieke vakansiedag in die VSA en geen verhandelings het plaasgevind nie. In die oornagssessie het die mark egter effens sterker verhandel en is vanoggend positief. Die VSA mieliepryse het verlede week laer afgesluit nadat daar goeie ondersteuning in die markte gesien was. Die mark wat verlede week Vrydag laer afgesluit het, was die eerste weeklikse daling in die Amerikaanse mark wat gesien was in omtrent 3 weke. Verslae uit Argentinië het bevestig dat Meksikaanse amptenare aangekondig het dat hulle Argentinië volgende week sal besoek om besigheidsoreenkomste te bespreek vir invoer van Argentynse mielies en sojabone. Onsekerhede oor die handelsooreenkomste tussen Meksiko en die VSA met die nuwe Amerikaanse President Donald Trump se beleide het die Meksikane aangemoedig om hul invoerbesigheid te verskuif na alternatiewe bestemmings. Die Suid Amerikaanse voorraad begin die uitvoermarkte te betree met die stropery wat daar aan die gang is. Die nuwe seisoen voorraad in Suid Amerika kompeteer met die VSA voorraad in terme van uitvoermarkte en kan dus weer druk op die Amerikaanse mark plaas. Die VSA het groot voorraadvlakke van mielies en dus sal hulle groot uitvoere benodig om goeie ondersteuning aan die pryse te bied. Daar is verwagtinge dat die produsente in die VSA moontlik minder hektare aan mielies behoort te allokeer as gevolg van die winsgewendheid wat onder druk is. Indien dit realiseer kan dit ondersteuning bied aan die Amerikaanse mieliepryse nader aan die 2de helfte van die jaar.</p> <p>Plaaslik: Die plaaslike mark het gister sterk ondersteuning gevind en het sterker afgesluit vir meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmielies. Die Maart kontrak van beide wit- en geelmielies het die dag limiete opgesluit terwyl die nuwe seisoen kontrakte ook sterker gesluit het maar nie soos dié van die ou seisoen nie. Daar was gister aansienlik meer kopers as verkopers in die mark en die mark het goeie ondersteuning gevind daarby. Die reën wat wydverspreid geval het oor die naweek kan moontlik die strooppes van die vroeë mielies vertraag in sekere gedeeltes. In ander gebiede van die land waar die mielies laat aangeplant is, kan oormaat reën 'n negatiewe effek op die ontwikkeling van die mielies hê.</p> <p>Sojabone: Die VSA sojabone het in die oornag sessie om en by 1% gestyg na die vakansiedag in die VSA gister. Die VSA sojabone het verlede week laer verhandel en die week laer afgesluit, maar het weer ondersteuning gevind as gevolg van die reën wat oor groot gedeeltes van Argentinië voorgekom het en wat moontlik ook 'n negatiewe impak op die opbrengste kan hê. Verslae uit Brasilië toon dat 24.8% van die totale Brasiliaanse sojabone wat aangeplant is alreeds gestroop was teen die 17de Februarie, wat beter is as die 5 jaar gemiddeld van 17.1% jaar tot datum. Daar word egter reën voorspel vir die week wat moontlik die strooppes kan vertraag. Daar word steeds 'n groot Brasiliaanse produksie verwag vir die seisoen met die USDA se skatting wat op 104 miljoen ton staan terwyl ander privaats maatskappye 'n groter oes verwag van ongeveer 105 miljoen ton. In ander lande het die sojaboon en sojaloie pryse gister effens gedaal as gevolg van die vraag wat effens laer is en ook groot voorrade. Plaaslik: Die plaaslike sojaboonmark het gister sterker verhandel en sterker afgesluit vir amper alle kontrak maande. Die spot maand kontrakte sluit vandag en die opsie vervaldatum is môre en groot voltiilte in die markte kan verweg word. Swaar reën wat oor groot gedeeltes van die land geval het oor die naweek en wat voorspel word vir die week kan nadeling wees indien daar te veel reën in sekere gebiede val.</p> <p>Koring: Die VSA koringpryse het effens teruggesak vir die 3de agtereenvolgende sessie as gevolg van die swakker vraag na VSA koring. Die VSA het die aanbod in die tender verloor Vrydag toe Egipte 360 000 ton van laer geprysde koring vanaf die Swart See streek gekoop het. In ander lande was die koringpryse ook redelik onder druk gewees gister, met die Franse koringprys wat ook laer gesluit het, terwyl die Amerikaanse markte gesluit was vir die vakansiedag. Volgens verslae uit Frankryk is 92% van die koringoes in 'n goed tot uitstekende kondisie. In die globale konteks is daar steeds groot wêreld voorraadvlakke wat druk op die internasionale koringpryse plaas en rolspelers wag vir groter fundamentele inligting in die mark met die veranderinge in die inligting wat tans maar skraap is. Plaaslik: Die plaaslike koringpryse het gister die dag effens hoër afgesluit met die spotprys wat net onder die R4 000/ton verhandel. Die Mei en Julie kontrakte het ook byna onveranderd tot effens hoër gesluit gister.</p>									
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za Opgestel deur: Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za</p>									